

Dit is tyd...

Benut die belastingvoordele van 'n uittree-annuïteit!

Dit is algemeen bekend dat net 'n klein persentasie mense uiteindelik genoeg aftreespaargeld het om hul lewenspeil van voor hul aftrede te handhaaf.

Wat is die moontlike redes hiervoor?

1. Om geld weg te sit vir 'n doel wat ver in die toekoms lê, vereis baie **dissipline en toewyding**.

2. Die keuse van die mees **toepaslike beleggingsinstrument** vir hul aftreespaargeld is nie so maklik nie.

Wat is 'n moontlike oplossing om beide hierdie probleme aan te spreek?

'n **Uittree-annuïteit!** Dit is bewys as 'n voordelige beleggingsinstrument vir baie mense omdat dit gedissiplineerde spaar met belastingtoegewings aanmoedig. Die doel van hierdie artikel is om laasgenoemde uit te lig asook ander belangrike kenmerke of voordele.

Belastingtoegewings

Uittree-annuïteitsbydraes verminder die kliënt se belasbare inkomste, onderhewig aan sekere wetlike limiete:

'n Gedeelte van die bydraes word dus befonds uit die kliënt se belastingbesparing. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) in werklikheid 'n deel van kliënt se aftreespaargeld betaal.

Byvoorbeeld:

Dit beteken dat vir elke (sê) R10 000 wat in 'n uittree-annuïteit belê word, word R3 000 (vir iemand wat belas word teen 'n marginale koers van 30%) effektief deur die SAID terugbetaal.

Nog 'n groot belastingvoordeel is dat die groei op die belegging belastingvry is!	Ook van waarde is die gunstige belastingbedeling van die enkelbedrag by aftrede.
Geen belasting is op rente en inkomste betaalbaar nie en ook geen belasting op kapitaalwins of dividende in die beleggingsfonds ontvang.	By aftrede is die eerste R315 000 van alle aftreefondse (kumulatief) belastingvry en die res van die enkelbedrag word teen 'n gunstige skaal belas.

Ander belangrike kenmerke van 'n uittree-annuïteit is die volgende:



'n Uittree-annuïteit word beskerm teen krediteure en bied dus beskerming in die geval van insolvensie.



'n Onttrekking uit 'n pensioenfonds kan belastingvry na 'n uittree-annuïteit oorgedra word.




Verskeie opsies by aftrede: 'n Konvensionele lyfrente met of sonder die beskerming van kapitaal; 'n gekoppelde lyfrente - meer riskant maar bied beleggingsfondskeuses en meer buigsamheid; of 'n saamgestelde lyfrente - deels konvensionele lyfrente en deels gekoppelde lyfrente.



'n Verpligte lyfrente, sowel as die enkelbedrag is vrygestel van boedelbelasting by die dood van die kliënt d.w.s. van die lid van die uittree-annuïteitsfonds.



As die verpligte lyfrente ná ouderdom 65 gebruik word om bydraes tot 'n mediese fonds te maak, is dit tans ten volle aftrekbaar van inkomste vir inkomstebelastingdoeleindes. Vanaf 1 Maart 2014 sal hierdie bydrae en aftrekking van uitgawes egter vervang word met 'n mediese belastingkorting.



Vanaf 1 Maart 2014 sal enige lidbydraes tot 'n aftreefonds wat nie reeds as 'n aftrekking toegelaat is nie, dienooreenkomstig die verpligte lyfrente se belasbaarheid verminder.



Vanaf 1 Maart 2015 sal 'n oordrag van 'n voorsorgfonds of bewaringsvoorsorgfonds voor of na hierdie datum die reg tot 'n volle kommutasie op bydraes voor hierdie datum plus groei, behou.